PERSVERKLARING

EMBARGO: 21 Julie 2010

OPGESTEL DEUR: Suidwes Kommunikasie-afdeling

NAVRAE: Adri Theron, 018 581 1133 / adrit@suidwes.co.za

Suidwes ewenaar vorige jaar se wins

Die landboubesigheid Suidwes, met sy hoofkantoor te Leeudoringstad, het ten spyte van die veranderde landboubesigheidsomgewing en minder gunstige ekonomiese toestande, daarin geslaag om 'n wins van R80 miljoen na belasting (2009: R79 miljoen) te behaal. Hierdie resultaat is, onder die omstandighede, bevredigend.

Volgens mnr Pierre Vercueil, Voorsitter van die Direksie, is dit die gevolg van die inherente krag en vermoë wat oor die afgelope jare in Suidwes gevestig is. Die prestasie is 'n bewys daarvan dat Suidwes die regte strategie en besigheidsfilosofie in plek het en dat dit suksesvol geïmplementeer word. Dit is ook moontlik omdat Suidwes die ondersteuning van klante het wat besef dat hulle waarde vir geld kry en dat daar aan hul behoeftes voldoen word. Klantediens word voortdurend deur middel van verskeie hulpmiddels gemonitor om te verseker dat uitmuntende diens deurlopend gelewer word. Bestuur is verder toeganklik vir enige belanghebbende om te verseker dat sake van gemeenskaplike belang dadelik aangespreek word.

Hoogtepunte van die 2009/2010-finansiële jaar is soos volg:

- Wesensverdienste per aandeel styg met 2,2%.
- Dividende styg met 8,3%.
- Netto batewaarde per aandeel styg met 16,6%.
- Opbrengs op aandeelhouersfondse van 20,5% is behaal.

Vir meer besonderhede besoek www.suidwes.co.za.